# Bybel vir Kinders

bied aan



# God Toets Abraham se Liefde

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus Alastair P.
Aangepas deur: M. Maillot; Tammy S.
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2020 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.





Een Nag gee God vir Abraham 'n eienaardige opdrag. Dit was 'n toets om te sien of Abraham sy seun Isak liewer het as God.


“Neem jou seun Isak en gaan offer hom as ‘n brandoffer” se God. Offer Isak? Sy seun prysgee? Dit was baie moeilik vir Abraham. Hy was baie lief vir sy seun.
3
Maar Abraham het geleer om God te vertrou al het hy nie verstaan nie. In die oggend het hulle na die berg gegaan om te offer, met Isak en twee knegte.
4
Voor hul vertrek het Abraham die hout gekap om vuur te kan maak vir die brandoffer. Abraham sou gehoorsaam wees aan God.
5
Drie dae later het hulle naby die berg gekom. “Bly hier,” het Abraham aan sy knegte gesê. “Ons sal gaan om te aanbid en dan terugkom na julle.” Isak het die hout gedra; Abraham het die vuur en die mes gedra.
6
“Waar is die lam vir die brandoffer?” het Isak gevra. “God sal vir Homself die lam voorsien,” het Abraham gesê.
7
Die twee het op die presiese plek aangekom wat God gekies het. Daar het Abraham ‘n altaar gebou en die hout gepak om die offer aan God te bring.
8


Abraham het al baie altare gebou. Beslis was hierdie een die moeilikste een wat hy nog gebou het.
9
Abraham het Isak vasgebind en het sy geliefde seun op die altaar geplaas. Was Abraham regtig van plan om God gehoorsaam te wees en sy geliefde seun Isak, sy enigste te offer.
10
Ja! Die mes lem glinster as Abraham dit omhoog lig. Sy hart is gebreek, maar hy weet hy moet gehoorsaam wees aan God.
11
"STOP!" skree die Engel van God. "Nou weet Ek dat jy God vrees. Jy het nie jou seun, jou enigste seun van My teruggehou nie."
12
Abraham sien toe 'n ram in die bosse, hy het Isak losgemaak en die ram geoffer. Miskien het Isak gedink, "God het voorsien, net soos my vader gesê het."
13
Terwyl pa en seun aanbid, het die Engel van God met Abraham gepraat. "Deur jou kinders sal alle nasies geseënd wees omdat jy gehoorsaam was." Jesus is gebore uit die nageslag van Abraham.
14
















God Toets Abraham se Liefde

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Genesis 22 - 24

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130



# Die Einde

5 60



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16